# Die Profetiese Woord van God

**(Jer 1:1)** Die woorde van Jeremia. Hy was 'n seun van Gilkija en 'n priester uit Anatot in Benjamin.
**(Jer 1:2)** Die woord van die Here het tot hom gekom tydens die regering van koning Josia van Juda, seun van Amon. Dit was in die dertiende regeringsjaar van Josia.

**(Jer 1:3)** 3 Daarna het die woord van die Here tot Jeremia
gekom tydens die regering van koning Jojakim van Juda,
seun van Josia, en telkens tot die einde van die elfde
regeringsjaar van koning Sedekia van Juda, seun van Josia.
In die vyfde maand van daardie jaar is die inwoners van
Jerusalem in ballingskap weggevoer.
**(Jer 1:4)** Die woord van die Here het tot my gekom:

**(Jer 1:5)** Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel.

**(Jer 1:6)** “Ag, Here my God,” het ek geantwoord, “ek kan nie goed praat nie, ek is nog te jonk.”

**(Jer 1:7)** Toe sê die Here vir my: Jy moenie sê: “Ek is te jonk” nie. Jy moet gaan na wie toe Ek jou ook al stuur, en alles wat Ek jou beveel om te sê, moet jy sê.

**(Jer 1:8)** Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou, Ek sal jou red. Dit is wat die Here gesê het.

**(Jer 1:9)** Hy het sy hand uitgesteek, my mond aangeraak en vir my gesê: Ek het nou my woorde in jou mond gelê.

**(Jer 1:10)** Kyk, Ek stel jou vandag aan oor nasies en oor koninkryke om af te breek en uit te roei, om te vernietig en plat te slaan, te bou en te vestig.

**(Jer 1:11)** Die woord van die Here het tot my gekom: Wat sien jy, Jeremia? Ek het geantwoord: “Ek sien 'n amandeltak.”

**(Jer 1:12)** Die Here het geantwoord: Jy het reg gesien. Ek staan gereed om te doen wat Ek gesê het.

**(Jer 1:4)** Die woord van die Here het tot my gekom:
**(Jer 1:5)** Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel.

**(Psalm 139:16)** U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.

**(Efes 2:10)** want ons is God se handewerk. Hy het ons in ons eenheidsband met Christus Jesus só gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, kan uitlewe.

# Die Profetiese Woord van God…

1. **Bevestig eers ons identiteit dan ons roeping.**

**(Jer 1:6)** “Ag, Here my God,” het ek geantwoord, “ek kan nie goed praat nie, ek is nog te jonk.”

**(Jer 1:7)** Toe sê die Here vir my: Jy moenie sê: “Ek is te jonk” nie. Jy moet gaan na wie toe Ek jou ook al stuur, en alles wat Ek jou beveel om te sê, moet jy sê.

**(Jer 1:9)** Hy het sy hand uitgesteek, my mond aangeraak en vir my gesê: Ek het nou my woorde in jou mond gelê.

# Die Profetiese Woord van God

1. **Bevestig eers ons identiteit dan ons roeping.**

2. **Dra ons deur onsekerheid tot in ons roeping.**

**(Jer 1:8)** Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou, Ek sal jou red. Dit is wat die Here gesê het.

# Die Profetiese Woord van God

1. **Bevestig eers ons identiteit dan ons roeping.**
2. **Dra ons deur onsekerheid tot in ons roeping.**
3. **Dra ons oor berge, deur dale tot in Sy koningkryk vir ewigheid.**

**(Jer 1:12)** Die Here het geantwoord: Jy het reg gesien. Ek staan gereed om te doen wat Ek gesê het.

**(Jesa 55:11)** Net so is dit met die woord wat uit my mond kom: Dit sal nie leeg na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek verwag en die doel bereik waarvoor Ek dit gestuur het.